# JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

**NUUSBRIEF: 8 3 - 10 Maart 2023**

## TWEEKAMP

Baie geluk aan die onderstaande leerders met hul tweekamp uitslae wat op Dinsdag, 28 Februarie plaasgevind het:

| | |
|---|---|
| 0/8 Dogters: | Linicke Jacobs - 2'de |
| 0/8 Seuns: | Adriaan Badenhorst - 2'de |
| 0/13 Dogters: | Elri de Waal - 6'de |
| 0/13 Seuns: | Ignus Jacobs - 1'ste |
| | Rauch Burger - 5'de |
| | Christiaan Wilkinson - 6'de |
| Top 3 Hardlopers: | Adriaan Badenhorst - 2'de |

## TENNIS

Baie geluk aan die volgende leerders wat ingesluit is in die Xhariep tennisspan:

- Simon de Witt
- Rauch Burger
- Christiaan Wilkinson

## ATLETIEK

Baie sterkte aan al ons atlete wat Saterdag, 4 Maart, aan die Vrystaat atletiekbyeenkoms in Bloemfontein gaan deelneem.

## RUGBY en NETBAL TEEN STAATS

Laerskool Staats van Kimberley bied 'n sportdag op 9+10 Maart aan. Ons het nog nie die finale program ontvang nie. Sodra ons het, sal dit op die graad se whatsapp groepe gedeel word. Die 0/7 + 0/8 spanne speel wel Donderdag middag/aand en die 0/9 tot 0/13 spanne speel Vrydag middag/aand. Leerders wat van busvervoer wil gebruik maak, moet asseblief die afskeurstrokie invul en Maandag, 6 Maart, terugstuur. **GEEN** leerder sal op die bus toegelaat word as daar nie 'n busvorm ingevul is nie. Daar is slegs beperkte hoeveelheid sitplekke beskikbaar. Indien daar ouers is wat kan help met vervoer, moet julle asseblief vir JJ kontak: 083 314 9327. By voorbaat dankie.

## REDENAARS

Die redenaarsuitslae word nie nou bekend gemaak nie. Gedurende kwartaal twee kry nog leerlinge (wat nie nou deelgeneem het nie) 'n kans om te praat. Dan word die beste 5 leerlinge van elke graad gekies om aan die finaal deel te neem in die derde kwartaal.

## AMESA / WISKUNDE

Leerders wat ingeskryf het, skryf op Woensdag, 15 Maart, om 15:00, in Juffrou Vanita se klas. Hulle kan ook op Woensdag, 8 Maart, om 15:00, oefenvraestelle in Juffrou Vanita se klas gaan skryf.

## VCSV-PROJEK

VCSV is 'n vrywillige, multi-kulturele Christelike organisasie. Ons skool bied VCSV aan as 'n buitemuurse aktiwiteit vir graad 5-7.
Ons reël jaarliks 'n fondsinsameling vir minderbevoorregtes met die oog op die Winter wat voorlê.
Indien u so voel, stuur asb. enige van die volgende:

- Blikkieskos
- Warm klere
- Musse / serpe / handskoene
- Kouse (ook dié wat se maats weg is)
- Komberse

U kan dit afgee by Juffrou Elza se klas. By voorbaat baie dankie.

## DOKTERSAFPRAKE

Ouers moet asseblief so ver as moontlik probeer om nie in skooltyd doktersafsprake te maak nie. Ons het wel begrip daarvoor as daar geen ander tyd beskikbaar was om 'n afspraak te kry nie.

- **Let wel:**
- **Die skool gaan normaal voort na Woensdag, 8 Maart (toetsweek eindig). Die personeel het werk wat nog gedoen moet word.**

…….....
T.E. MOSTERT
Waarnemende Skoolhoof

## *GEBEDSLYS:*

*Marinda van der Walt (Pa siek)*
*Marisan Jacobs (Pa siek)*

**AFSKEURSTROKIE: BUSVERVOER STAATS (RUGBY EN NETBAL)**

Ek, ....., ouer van

..... in Graad .....,

gee my kind **toestemming / nie toestemming** (onderstreep) om met die bus na Staat se sportdag te ry. (Merk watter dag)

☐ Donderdag, 9 Maart: 0/7 + 0/8

☐ Vrydag, 10 Maart: 0/9 – 0/13

_____ _____

Hantekening Datum

## STUKKENDE PAAIE:

'n Paar boere het die pad vanaf Jacobsdal / Koffiefontein na Fauresmith reggemaak. Almal weet dat daar nou gereeld aandag aan die pad gegee moet word.

Hulle het materiaal as skenking gekry, maar benodig geld om vir die arbeid te betaal. Daar is 'n rekening by FNB oopgemaak, waar Debbie dit sal kontroleer.

Hulle vra donasies sodat hulle die pad gereeld kan seël en op so manier dit in stand kan hou. Elke klein bietjie sal help.

Al die ouers wat gereeld daardie pad ry en dalk iets wil bydra, hieronder volg die bankbesonderhede:

**Hybrid General Trading**
**FNB**
**Rek.no: 630 2757 2395**
**Takkode: 231332**

U kan ook vir Jaco Schreuder kontak vir meer inligting:
**Tel: 082 461 3771**

• Paasfees Bestellings •

Verf jou eie Paasfees royal icing eiers
(6 eiers met verf pallet 4 kleure en kwas)
Slegs 30 beskikbaar @ R120

Pyo Paasfees koekie & kwas
(Hasie/Kuiken) @ R25

Mini Koekies @ R20
(Hasie/stert/kuiken)

Beperkte hoeveelheid beskikbaar

Aflewering 20 - 24 Maart

Jolandi 0714104779

# Arbeidsterapeut

SUME VAN DER WALT

083 378 9017

Kimberleyocctherapy@gmail.com

JEANINE BOSHOFF & MELISSA PARKIN

OCCUPATIONAL THERAPY PRACTICE

## Vir assessering en behandeling van:

- Normale Ontwikkeling
- Sensoriese Modulasie/ Integrasie Probleme
- Konsentrasie en ADHD/ADD
- Visuele Persepsie en Disleksie
- Grofmotoriese- en Fynmotoriese Ontwikkeling
- Leer Probleme of Onvoldoende Akademiese Prestasie

## Dienste sluit in:

- Individuele Terapie of Groepterapie
- Ouerleiding
- Studietegnieke en Tydsbestuur